RAADSBELEID

ONDERWERP : TYDELIKE TENTKERKSTAANPLEKKE

VERWYSING : 17.6.R

BESLUIT NR : 12.6/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die beskikbaarstelling van terreine vir tydelike tentkerk-staanplekke te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad erken die beginsel van godsdiensvryheid.

RIGLYNE

1. Die Dienste moet slegs tydelik van aard wees. (Aansoeke vir 'n periode langer as **1 (een) maand** sal nie toegelaat word nie.)

2. Tentkerkdienste kan slegs op die volgende terreine gehou word:

Wyk 1	:	Erf 5706.
Wyk 2	:	Erf 5686 (Oos van Rosebudssentrum).
Wyk 5	:	Erf 14
	:	Erf 17
	:	Erf 58
	:	Erf 890.
Wyk 6	:	Erf 12168.
Wyk 7	:	Oop area Suid van J Shimanesaal.
Wyk 8	:	Erf 16580.
Wyk 9	:	Gedeelte meent tussen Freedom Square en die Upington Kollege.
	:	Erf 15039.
Wyk 10		
Louisvaledorp	:	Erf 14
	:	Erf 17
	:	Erf 58
	:	Erf 203.
Raaswater	:	Erf 2556
	:	Erf 2744
	:	Erf 2745
	:	Erf 39
	:	Erf 220.

Swartkop	:	Erwe sal bepaal word sodra die Algemene Plan gefinaliseer is.
Kalksloot	:	Erf 833
	:	Erf 835
	:	Erf 1160
	:	Erf 1124.
Wyk 11 Karos	:	Erf 2
	:	Erf 41.
Leerkrans	:	Erf 30
	:	Erf 42.
Lambrechtsdrift	:	Erf 31
	:	Erf 69.

3. Voldoende goedgekeurde sanitêre geriewe vir die publiek, moet deur die aansoeker opgerig/geïdentifiseer word. (Die minimum van een toilet vir mans en een vir vrouens, moet voorsien word.)

4. Die sanitêre geriewe moet na oprigting eers deur die Omgewings-gesondheidsafdeling goedgekeur word, alvorens tentkerkdienste 'n aanvang neem.

5. Alle verkeer- en elektrisiteitvoorsieningsvereistes moet nagekom word.

6. Dienste mag nie later as. **23:00** aanhou nie.

7. Alle munisipale dienste sal teen bestaande tariewe gelewer word.

PROSEDURE

1. 'n Gemagtigde persoon van die betrokke kerkgenootskap rig 'n skriftelike aansoek waarin die datums en plek(ke) van die beoogde tentkerkdienste uiteengesit is.

2. Die Direkteur Tegniese Dienste, in oorleg met die Hoof Omgewingsgesondheid, sien toe dat die aansoek aan al die riglyne voldoen.

3. Die Direkteur Tegniese Dienste stel die aansoeker skriftelik in kennis van die uitslag.

ROLLE

Die goedkeuring van aansoeke vir tentkerkdienste word aan die Direkteur Tegniese Dienste, in oorleg met die Hoof Omgewingsgesondheid, gedelegeer.

VERWANTE BELEID

1. Terrein vir pretparke en sirkusse.
2. Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.